

8 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 7

Fokusgedeelte: Psalm 7:18

Prys die Here wat aan jou laat reg geskied!

Psalm 7 is 'n tipiese klaaglied: Die digter word deur sy vyande bedreig en hy vlug na die tempel toe om sy onskuld by die Here te bepleit en te vra dat die Here sy vyande sal straf.

Ons kan met dieselfde vrymoedigheid na die Here gaan wanneer ons onregverdig behandel word. Miskien word daar in jou werkplek teen jou gediskrimineer, of word jy beledig as jy vir Christus getuig, of word daar valse beskuldigings teen jou gehou. Dan kan jy ook met vrymoedigheid na die Here gaan. Christus het immers vir ons die voorhangsel geskeur sodat ons vrye toegang tot die genadetroon van God het. En God laat reg geskied aan sy kinders.

Jy mag jou onskuld voor die Here bepleit, en vra dat Hy as Regter regverdig sal oordeel. Hy spreek immers die onskuldige vry, maar straf die skuldige. En hoewel dit soms lyk asof sy geregtigheid in hierdie wêreld uitbly, weet ons dat sy geregtigheid finaal sal geskied wanneer Christus as Regter weer kom. Dan sal God se kinders saam met Hom die ewige lewe binnegaan, maar sy vyande sal die ewige straf verduur.

Wanneer jy met geloofsvertroue jou saak voor die regterstoel van God gestel het, sal jy ook soos die Psalmdigter kan getuig dat God die opregtes help, jou beskerm is. En jy sal soos die Psalmdigter sy Naam kan besing, Hom kan prys, omdat Hy reg laat geskied – ook aan jou.

Sing: Psalm 96:1 en 8 (1936)

Ds H Goede (Vereeniging-Oos)